

Inhoud Hierdie preek wys dat die gawe wat die Here ons gee om reg te wees vir sy liefde en diens, geregtigheid, 'n gawe is waarin die toekoms van die skepping opgesluit is. Hierdie gawe is die toekoms van die nuwe skepping. Dit wys hoe gelowiges kan tuis raak om met inspanning te leef in 'n goddelose wêreld, wat die wêreld met menslike wetgewing wil inrig volgens hulle sondige begeertes. Dit wys ook die rede vir hoekom mense wat lidmate is vandag die kerk verlaat en met die Here spot oor sy wederkoms: hulle wil nie in die inspanning leef van die gawe van geregtigheid in 'n wêreld van ongeregtigheid nie.

Liturgie. 1. Lied 199 verse 1 – 3; Evangelie lesing 1 Joh. 4:14 – 19; 2. Lied 586 verse 1-3; Wetslesing Rom. 12:1 – 4. 3. Lied 440 verse 1-4; 4. Lied 588 verse 1 en 3.

Skriflesing 2 Petrus 1: 1-4; 2:2- – 22; 3: 1-13.

Teks 2 Petrus 3: 13 Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid sal woon.

Tema God het ons die gawe gegee wat die toekoms van sy skepping is.

1. Geregverdig deur God vir sy liefde en diens in 'n wêreld waarin daar geen geregtigheid woon nie!

Jesus Christus maak ons reg vir sy liefde en diens. Jesus die Here lei ons op die pad waarop ons Hom reg kan liefhê en dien (pad van sy waarheid 2:2 en sy geregtigheid 2:22) in hierdie wêreld waarin daar geen geregtigheid woon nie.

Dit is die spanning waarin God se genade en liefde ons in wêreld, in ons eie land en gemeenskap vandag, geplaas het. Dit was die werklike spanning van die leefwêreld van die Christene in die Romeinse ryk vir wie Petrus hierdie brief geskryf het.

Geregtigheid “woon” nie in hierdie goddelose (2:5,6) en wettelose (2:8) wêreld nie, nie in ons land en gemeenskap nie. In hierdie wêreld woon 'n tipe liefde wat nie reg is nie en is mense met werk besig wat nie diens aan God is nie. Die hele brief spreek hierdie spanning waarin die Here se genade ons vasbind binne hierdie wêreld aan.

Ons ervaar hierdie spanning week vir week:

- Jy word beseer in ongelukke wat mense veroorsaak wat hulle lisensies koop, roekeloos bestuur, vir jou ligte flits wanneer jy die padreëls volg terwyl jy probeer om net op bo water te hou. Dit is wat met At en Rina Becker hierdie week gebeur het.

- Jy wil net kos produseer maar jou pype, kables, hekke en produkte word gesteel op so manier dat jy sukkel om aan te gaan. Dit het weer op 'n paar plase hierdie week gebeur.
- Jy verskaf met jou winkel kos en dan kom die geweldenare en dreig jou om net op die dae besigheid te doen wat hulle rewolusie pas, terwyl die polisie vir jou sê hulle kan jou nie beskerm nie. Dit is wat met JC Young – hulle by Vuwani gebeur het.
- Jy verskaf werk aan werkloses maar hulle maak jou die vyand wanneer jy van hulle arbeid verwag. Dit gebeur elke dag met elke werkgewer.

Wie skep hierdie spanning vir ons? Die Here self! Die gawe wat Hy ons gee, om geregverdig te wees, skep hierdie spanning vir ons
 Hoe kan ons aanhou om só in hierdie tipe spanning te leef waarin die Here ons geplaas het deur ons in sy liefde vas te bind?

Deur God se genade self innerlike verbind tot geregtigheid, deur God self verbind om met Hom op die pad van geregtigheid te wandel, maar dit wat Hy ons maak en die pad waarop Hy ons neem in hierdie wêreld, bring ons net in konflik met alles om ons in hierdie wêreld!

Hoe lank kan ons aanhou om só in hierdie spanning te leef?

2. Die antwoord wat die apostel op hierdie vraag gee, is ons teksvers: “Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid sal woon.”

Die Here se antwoord is helder en duidelik. Hy sal ons in hierdie spanning laat bly leef totdat Hy die hemel en aarde gaan vernuwe, die skepping nuut gaan maak. In hierdie nuwe skepping gaan God vir die eerste keer hierdie spanning waarin ons nou tot en met daardie dag leef, wegneem.

Die antwoord wat ons eintlik verwag wanneer ons vir mekaar sê – vra, is dat die Here dit gou – gou vir ons moet kom wegvat. Ons wil in 'n spanninglose vrede Hom in hierdie wêreld dien en liefhê.

Die antwoord klink op die oor af absurd! Hoe kan die Here ons troos oor hierdie spanning waarin Hy ons plaas deur te sê dit sal aanhou tot sy wederkoms en “vir Hom is een dag soos 'n duisend jaar”, terwyl ons nie voel ons kan nie meer eendag in hierdie spanning leef nie?

Hoe kan dit ons krag en motivering gee vir iets wat ons nie meer kans voor sien nie, die versekering dat dit vir duisende en miljoene jare kan aanhou? Wat ons hoop en

krag moet gee is: ons kan op hierdie manier aanhou leef omdat ons 'n ander wêreld as hierdie een verwag! Een wat Christus self beloof het!

3. “ a Pie in die sky, by and by!” Dit is waarvoor hierdie gelowiges gespot word.

Hierdie geloof en hoop op die Here vir die spanning waarin hulle leef. Dit is mense wat lidmate van die gemeentes was, wat die kerk nou só op hierdie manier spot. Dit is in die tyd van die apostel mense selfs nog lidmate binne die gemeentes was, wat die gelowiges nou só spot. Lidmate wat opgegee het en wil opgee om in hierdie stres te leef.

Hulle wil uit hierdie spanning kom waarin die Here se genade en liefde hulle plaas: om met regtig liefde vir God en die regte diens aan God te leef in 'n wêreld waar dit net nêrens inpas nie.

“ a Pie in die sky, by and by.”

Dit is hoe hierdie lidmate gelowiges in die gemeente spot. Die apostel verwoord hierdie spot só: “Julle moet veral dit weet: In die laaste dae sal spotters met hulle gespot opdaag – mense wat hulle lewens volgens hulle drange inrig en vra: “Wat het geword van die belofte van sy koms? Sedert die vaders ontslaap het, bly alles steeds soos dit van die begin van die skepping was.”

Met hierdie spot wys hulle hul nuwe vryheid waarin hulle bemagtig voel.

- Bemagtig om nie meer jousef as geregverdig vir God se liefde te sien nie.
- Bemagtig om nie meer op die pad van geregtigheid met God te wandel nie.
- Bemagtig deur die Here Jesus se leë beloftes! Leë beloftes wat nooit sal waarmaak of waargemaak het nie!

Dit is die bedoeling van hierdie spot – om die kragteloosheid van die Here Jesus Christus met sy leë beloftes aan die kaak te stel!

4. Hoekom het mense wat lidmate van die kerk was, spotters van die Here van die kerk geword?

Hulle motiveer hulle gespot met die Here Jesus se beloftes en die kerk se lewenswyse in hierdie beloftes met die volgende stelling: Sedert die vaders ontslaap het, bly alles steeds soos dit was van die begin van die skepping af”, (3: 4)

Hierdie stelling is glad nie so diepsinnig en ingewikkeld as wat hulle dit sou wou voorhou nie. Wanneer hulle hul self beroep op hierdie sogenaamde “wetenskaplike waarheid” moet niemand dink hulle twyfel oor die Here gaan oor hulle diepsinnige en ingewikkelde worsteling oor God en wetenskap nie.

- Dit gaan nie hier oor die verouderde wêreldbeeld van die gelowiges teenoor die nuwe wetenskaplike wêreldbeeld van die wat nie meer deur die Here vasgehou wil word en met Hom wil wandel nie. In hierdie brief het al twee groepe dieselfde opvatting oor die skepping se ontstaan.
- Dit gaan ook nie oor die diepsinnige verskil tussen teologie en filosofie nie. Die waarskynlikheid dat hierdie lidmate geen filosofiese saak teen die kerk gehad het nie is feitlik seker, want geen van die eerste geslag gelowiges het uit hierdie “universiteite” gekom nie.
- Dit gaan ook nie oor hulle nuwe kennis van die sielkundevan die mens, die biologie van die mens, die psigiese van die mens of die sosiologie van die mens nie. Hulle het nie sulke nuwe kennis gehad wat hulle gemotiveer het om met die Here en sy beloftes te begin spot nie.

5. Die ongeloof wat hulle as motivering gebruik vir hulle spot noem akademici vandag geleerd “deïsme”. Die Bybel noem dit gewoon ongeloof in God, die mens wat kies om te glo dat God niks binne hierdie wêreld kan doen om mense vir sy liefde en diens reg te maak nie. God kan nie sulke beloftes maak volgens hulle nie, want die wêreld werk nie so nie.

Hulle goddelose wêreld werk nie so nie!

Die werklike rede vir hierdie spot is egter dat hulle nie meer in die spanning wil leef waarin God se genade en liefde hulle binne hierdie wêreld plaas nie. Dit is die “vryheid” wat hulle gevind het. (2:19) Die spanning het vir hulle te veel geword tussen die pad van die waarheid van God se geregtigheid (2: 2) en die waarheid van hierdie wêreld: mense wat hulle lewens in hierdie wêreld volgens hulle drange wil inrig en uitleef. (3: 3)

Petrus gee die regte rede vir hulle besluit om vry te word van die spanning waarin die Here se genade hulle plaas, met ’n aanhaling van twee algemene spreuke wat mense van sy tyd gebruik het:

Die een is “’n Hond keer terug na sy eie braaksel,” en die ander is “’n Gewaste vark gaan rol weer in die modder.”

Die rede wat hierdie goddeloses aanvoer om die Here en sy kerk te spot, is “sy leë” beloftes in ’n wêreld wat werk volgens mense se natuurlike begeertes.

6. Die werklike rede is egter iets anders. Dit gaan oor waar jou tuiste is en waar jy tuis voel.

Dit is wat met ons teksvers ontsluit word. U moet let op die woord “woon” in die uitdrukking ’n nuwe hele en aarde waar geregtigheid “woon.” Die woord hier beteken tuiste en tuiswees.

Hulle het nie tuisgevoel binne die tuiste wat God skep nie maar het teruggekeer na die woning waar hulle tuis voel: hierdie wettelose en goddelose wêreld waarin God volgens hulle niks doen of kan doen nie.

Om gemaklik dit wat jou eers naar gemaak het en wat jy opgegooi het weer te eet. Om gemaklik weer na die moddergat waaruit jy gekom het en gewas is, weer terug te gaan. Tuis in die woning waarin ek myself kan wees! Tuis met alles wat ek myself mee kan wees.

Hoekom?

Want in hierdie woning en tuiste leef ek spanningloos! Leef ek nie meer in die spanning dat my liefde vir en diens aan God my in konflik met omtrent alles en almal om my in hierdie wêreld bring nie. Tuis in die vrede van hierdie wêreld!

7. Daarom moet ons vra wat is die verskil tussen die wonings waarin goddeloses spanningloos woon en die woning waarin gelowiges spanningsvol tuis is.

Jesus Christus skep vir gelowiges ’n woning, ’n tuiste waarin regte liefde is, liefde soos God liefde bedoel om liefde te wees. Dit is hoe die regering van die Christus deur die profete aangekondig is.

Kom ons kyk hoe die profeet Jesaja hierdie nuwe hemele en aarde aangekondig het wat Jesus Christus sal skep!

- Jesaja 65: 17 “Ek gaan ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde skep; aan dié wat nou daar is sal daar nooit meer gedink word nie, hulle sal nie onthou word nie.”
- Jesaja 66: 22 Soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, in my diens staan, sê die Here, so sal julle nageslag en hulle roem in my diens staan.”

Die karakter van hierdie nuwe wêreld wat die Here Jesus skep word deur Jesaja só beskryf:

Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei en Hy sal altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en instandhou deur reg en geregtigheid.”

Jesus Christus is hierdie God wat 'n wêreld, hierdie woning, hierdie tuiste van reg en geregtigheid skep. 'n Wêreld waarin God se liefde regtig en en mense God regte kan liefhê soos liefde bedoel is om te wees.

In hierdie woning maak God sy kinders tuis!

8. In watter wêreld is hulle tuis wat die Here Jesus spot dat Hy nie so wêreld van reg en geregtigheid woon kan skep of onderhou nie?

Die apostel Petrus stel dit só: “In die laaste dae sal spotters met hulle gespot opdaag – mense wat hulle lewens inrig volgens hulle eie drange” (3: 2)

Hulle wil tuiswees in 'n wêreld waarin hulle hul daaglikse lewe kan inrig volgens hulle sondige begeertes op so manier dat hulle sondige drange die ware regte liefde is.

Daar is mos geen mens wat u ken wat openlik sal verklaar dat hulle losbandig, hatig, jaloers, afgunstig, sedeloos, vyandig, selfsugtig en beginseloos wil leef en daarin wil tuis wees, sonder om daarvoor gepla te word nie.

Hulle wil graag 'n wêreld skep en in tuiswees waarin al hierdie sondige drange die reg en geregtigheid van hierdie wêreld kan wees. Daarom spot hulle die Here vir die wêreld wat Hy skep en onderhou. Hulle is ontuis in sy wêreld. Hulle soek 'n ander een waarin hulle met hulle drange ongestoord as hulle eie regte liefde kan leef!

Dit is die werklike verskil in hierdie brief tussen gelowiges en goddeloses! Tuis in die liefde en diens waarin God my vashou en lei binne die spanning van die sondigheid van hierdie wêreld of stresvry tuis binne die sondigheid van hierdie wêreld!

9. Daarom moet ons saam ontdek wat is die wêreld wat Jesus Christus skep en onderhou waarin geregtigheid woon, waarin ons in die regte liefde van God en die regte liefde vir God leef!

Om dit te ontdek moet ons eers ontdek wat is die verskil tussen die geregtigheid van God (1:1) en die reg van hierdie wêreld.

Goddeloses skep 'n geregtigheid waarin hulle sondige drange reg is. 'n Wêreld waarin hulle hul lewe volgens hulle sondige drange kan inrig met die gemak en vrede dat dit die regte liefde van hierdie wêreld is.

Dit doen hulle deur die wetgewing van 'n land, gemeenskap en gesin as hulle mag op te eis om so tuiste te kan skep. Hulle bemagtig hulle self teenoor God om wette te maak, wette toe te pas, wette af te dwing en volgens die reg van hierdie wette geregverdig te wees in hulle eie sondige begeertes.

Hulle maak menslike wette volgens mense se sondige begeertes en noem dit reg en geregtigheid, ware menslikheid, menswaardigheid en ware menslike liefde!

Die reg en geregtigheid binne die Christene se wêreld in hierdie brief, was die reg en geregtigheid van die Romeinse Ryk. Daarom moet u raaksien dat alles wat die apostel “verdorwenheid wat deur begeerte in hierdie wêreld teenwoordig is (1:1); losbandigheid (2:2,) “goddelose mense”(3:7) en die dwaling van beginsellose mense” noem , volgens die Romeinse Ryk en Romeinse reg, reg en geregtigheid genoem.

10. Waarmee is hierdie goddelose owerheid en gemeenskap in ons land al meer en meer besig? Wat noem 'n mens die volgende soort wette?

- 'n Wet wat maak dat jy jou lewe so kan inrig dat jy met soveel mans en vrouens getroud kan wees, soos jou begeertes jou lei?
- 'n Wet waarin jy mekaar as mens en vrou volgens die wet in liefde kan saamleef sonder om getroud te wees?
- 'n Wet waarin mans met mans en vrouens met vrouens met vrouens kan trou?
- 'n Wet waarin mense nie uit 'n huurhuis gesit kan word nie, al betaal hulle nie meer huur nie?
- 'n Wet wat dit regtens byna onmoontlik maak om mense wat jou eiendom wederregtelik beset van jou eiendom te verwyder?
- 'n Wet waarin werkgewers nie meer werknemers kan afdank wanneer werknemers hulle besteel nie? Die toetssaak is nou in die howe aan die gang.
- 'n Wet wat jou verskoon as owerheid om die eiendomsreg van mense te eerbiedig?
- 'n Wet waardeur jy mense se eiendom kan afvat sonder om hulle volgens die markwaarde van hulle eiendom te vergoed?
- 'n Wet waardeur hulle jou wapens kan afvat omdat jy nie betyds genoeg jou lisensie hernu het nie? Hierdie ongeregtheid gaan by ons verby omdat ons al gewoond raak aan hierdie beginsellose regering. Vergelyk dit met só 'n tipe wet: wanneer jy nie jou motorlisensie betyds hernu nie, vat die regering jou kar! Hulle besteel jou regmatig om jou onmagtig teen geweld te hou! Hulle geweld!

Dit is wette wat die wêreld inrig word volgens mense se sondige drange as hulle ware menslikheid, hulle ware regte liefde en hulle regte menswaardigheid. In en deur hierdie wette maak goddeloses hulle sondige drange die geregtigheid van hierdie wêreld! So skep hulle 'n woning waarin hulle tuis is, 'n tuiste waarin hulle nooit weer spanning sal hê met die geregtigheid van God nie.

11. Wat is God se geregtigheid wat so drasties van mense se reg en geregtigheid in hulle eie menslike mag en menslike wetgewing verskil?

Die geregtigheid van God is volgens 2:21 sy heilige gebod, die Tien Gebooie. Hierdie Gebooie reël die liefde hoe dit regtig liefde is en diens regtig moet wees. Sy gebooie wys hoe liefde volkome liefde is en daarom “heilig” genoem word. Dit is die geregtigheid van gelowiges! Om God regtig lief te hê soos God liefde in sy wet bedoel.

Hoe skep en onderhou Jesus Christus dan ’n woning van regte liefde vir gelowiges? Hierdie woning noem Paulus in 2 Petrus 1: 11 “die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus.”

Daarna het ons nou al twee keer gekyk uit hierdie brief die laaste twee Sondae. Kom ons vat dit weer saam uit verlede Sondag se preek. God skep hierdie wêreld van reg en geregtigheid deur die geregtigheid van Jesus Christus die Here!

- Christus is in ons plek die regverdige mens wat ons nie kan wees nie. Christus was die mens wat Noag, Lot en ons nie self kan wees nie – ’n mens wat God se wet sonder sondes en skandes onderhou het.
- Christus was die mens wat vir die onreg en ongeregtigheid van ’n Noag en Lot alles skuld betaal het, alle oordeel verreken het, alle vervloeking gedra het, en alle verwerping deurgegaan het, sodat God nooit dit met ons sal doen wat Hy met Christus gedoen het nie.
- Christus is vandag die Verlosser wat ons in onself in wie Hy as regverdige mens om alles wat Hy in ons plek is met Hom te deel. Wat ons met Hom deel maak ons God se regverdiges.
- Christus verander ook só ons lewe dat ons volgens 2 Petrus 3 die hart het om ons aan God toe te wy (1:3), aan Hom en sy heilige gebod (2:21). Omdat ons vir Hom regverdig en heilig is, kan en wil onself aan sy gebod verbind en daarvolgens vir Hom reg en regverdig lewe.

12. Is die Here vandag besig om só tuiste te skep in hierdie wêreld of is dit maar net “a pie in the sky” vir mense wat nie hulle self kan laat geld in hierdie wêreld nie? Is dit net ’n leë belofte van God wat nooit in hierdie wêreld kan waar word nie? Iets wat ons maar kan glo, maar nooit regtig deur God geskep word binne in hierdie wêreld wat net volgens “wetenskaplike” wette werk nie? In hierdie wêreld reg vir God se liefde en rig vir God se diens, al is dit totaal uit pas en voeling met hoe hierdie wêreld deur mense se wetgewing ingerig word?

Om dit te ontdek moet u weer kyk na 2 Petrus 1 vers 11: “Ja, so sal toegang tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus ryklik voorsien word.”

Hierdie toegang tot hierdie ewige koninkryk waarin reg en geregtigheid woon, gebeur nie eers wanneer die Here weer kom nie. Hierdie toegang tot hierdie ewige koninkryk gebeur in hierdie wêreld waarvan die goddeloses verklaar dat God niks binne hierdie wêreld doen nie, alles is en bly net soos dit is.

Hierdie toegang tot hierdie koninkryk is om deel van sy kerk te word, die kerk wat die Here hier op die aarde skep, versamel en in standhou.

Die kerk van die Here is waar Jesus Christus besig is om hier en nou ons deel van 'n woning van reg en geregtigheid maak. Die kerk is waar die Here ons tuismaak om Hom lief regtig lief te hê volgens sy wil en regtig te dien binne sy wil.

En dit gebeur regtig met ons in hierdie wêreld wat God se wêreld is! Hy laat ons in Christus se geregtigheid deel. Op hierdie wyse maak Hy ons reg vir sy liefde en diens. Op hierdie wyse laat Hy ons met hom wandel in sy liefde en diens, binne sy kerk op aarde.

Hier, in sy kerk, maak Hy sy belofte in hierdie wêreld waar: Hy regeer in reg en geregtigheid!

13. Dit is die verhouding tussen die kerk op aarde en die nuwe hemel en aarde wat die Here sal maak waarin geregtigheid woon. Op aarde skep die Here nou 'n tuiste waarin geregtigheid woon, sy kerk. En hierdie kerk is nou al soos die nuwe skepping wat die Here gaan maak – 'n woning waarin gelowiges tuis is in die regte liefde en diens aan God.

Net soos die Here nou besig is om die belofte waar te maak om ons regtig in sy diens en liefde vas te hou en te lei, net so sal Hy sy belofte waarmaak dat die hele skepping 'n plek sal word waar net sy reg en geregtigheid sal geskied.

Hy sal die skepping nuut maak soos Hy sy kerk nuutgemaak het! 'n Tuiste waarin reg en geregtigheid woon en waarin sy kinders tuis is en spanningloos leef.

Daarom is die sekerheid dat die Here die skepping nuut gaan maak met sy wederkoms die waarheid wat ons krag gee en motiveer om aan te hou leef in die spanning waarin die Here ons stel in hierdie goddelose wêreld!

Die Here het ons klaar deel gemaak van hoe Hy sy nuwe skepping sal laat wees. Ons is klaar tuis in 'n leefwyse waarin ons God reg lief het en dien, ons leef in sy reg en geregtigheid en pas al klaar in hoe die nuwe skepping gaan wees. Ons is klaar tuisgemaak in die toekomstige wêreld van God en leef al klaar die lewe wat inpas in die toekomstige skepping van die Here.

14. Kom ons lig dit met 'n voorbeeld toe: die verskil tussen die vestiging van die makadamiabedryf in Levubu en die bestaansboerderye om ons!

Die kinders! Amper die hele Levubu is vol geplant van makadamia bome. Elke boer het nou al omtrent sy eie masjien wat doppe afhaal en oral sien jy makadamia fabrieke, in die winkels kan jy dit orals koop. Dit is in sjokolade en koeke. Die olie is iets wat mense ver ry om dit in die hande te kry.

50 jaar gelede was daar geen makadamia boom in Levubu nie! 50 jaar gelede het niemand in Suid Afrika makadamias geëet nie. 50 jaar gelede het niemand makadamia olie gebruik nie. Daar was ook nie makadamia fabrieke en besighede nie.

Een boer, oom Bertie le Roux het toe begin om hierdie bome van ver te kry en te begin plant terwyl almal met piesangs geboer het. Dit was al wat daar was. Net een boer wat begin het om hierdie boompies te plant.

Kan julle dink wat het al die ander daarvan gedink? Hoe kan jy met so iets begin as daar nie 'n toekoms is daarvoor nie. Niemand dit ken nie en niemand dit wil hê nie?

50 Jaar gelede het die mense wat hier teen en om die berg woon, elkeen 'n bietjie mielies en marog om hulle huise geplant en elkeen 'n paar beeste gehad.

Hoe lyk Levubu en die omgewing vandag?

Dit is 'n makadamia produksie gebied. Dit is ontwikkel en welvarend. Hoe lyk dit hier teen die berg? Elkeen het nog 'n huis met 'n bietjie mielies om en alles is afgekap en opgebrand.

Dit is die verskil om met iets besig te wees wat die toekoms gaan wees en om met iets besig te wees wat nie 'n toekoms het nie. Toe daardie boer alleen daardie boompies begin plant het, het hy geweet wat is die toekoms. Die toekoms is makadamias, nie 'n bietjie mielies om jou huis nie.

Hoe het hy geweet dat makadamias die toekoms is? Hy kon self nie sien hoe groot die bedryf gaan word nie. Hy kon nie sien dat daar orals 'n nuwe wêreld van dehuskers en neutkraakmasjiene gaan wees nie. Hy kon nie neutfabrieke en oliefabrieke sien nie. Dit was nog nie daar nie.

Wat het hy gesien?

Die waarde en kwaliteit van makadamia neut! Hy het gesien hoe besonders hierdie produk is en dit het hom die wete gegee dat hierdie produk het 'n toekoms. Verder,

die mense wat vir hom die neutbome gegee het, het gesê dit is wat hulle in die toekoms gaan doen.

Hoe verskil die lewe van iemand wat met so nuwe produk begin met die versekering van die mense wat die neutbome gee dat hulle so bedryf gaan vestig, met die lewe van mense wat elkeen 'n bietjie mielies en goedjies om die huis plant.

Die verskil gaan oor inspanning en hoop.

Toe hierdie boer met hierdie bome begin boer het, moes hy sy hele lewe inrig volgens die liefde en werk wat nodig was om hierdie bome te versorg. Dit terwyl hy in die hoop geleef het die bedryf sal nog kom.

Dit is groot spanning. Jy is gespanne oor die reën, oor die goggas, oor die diere, oor die arbeiders, oor die bye wat moet vlieg en oor die wind en vure.

Jy is gespanne want dit wat jy doen pas nêrens in wat al die ander mense mee besig is nie, soos aartappels, rys en beeste nie.

Al wat jy weet is hoe goed die produk is en die versekering van hulle wat die bome gee dat hulle die bedryf gaan vestig!

Hoe leef mense wat net sommer so hulle goedjies om hulle huis plant? Hulle leef sonder inspanning! Hulle is nooit regtig bekommerd oor hierdie plante nie, want dit het niks met hulle toekoms te doen nie.

Hulle leef ook nie vir die toekoms nie. Hulle leef om elke aand om die bierpote te sit en bietjie by die vrouens rond te kuier. Hulle wil nie so met al die spanning leef van iemand wat met 'n produk besig is wat die toekoms gaan wees nie. Sonder inspanning leef hulle net vir hulle begeertes, hier en nou. Plantery is sommer net iets om jou mee besig te hou. Dit het niks met die toekoms te doen nie.

Dit is die verskil tussen 'n lewe wat ingerig is op die toekoms van 'n waardevolle produk en 'n lewe wat ingerig is volgens jou eie begeertes. Arbeid en spanning teenoor die rustige uitleef van jou begeertes, begeertes en vrede!

Daardie toekoms wat opgesluit was in makadamias het toe in Levubu gekom terwyl mense wat net so om hulle huise besig was met goed wat nie regtig 'n toekoms het nie, nie deel is van die toekoms wat aangebreek het nie.

15. Kom ons luister weer na ons teksvers: “Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waar geregtigheid woon.”

Ons raak maklik verlore met hierdie vers omdat ons net hoor een jaar is soos 'n duisend jaar vir die Here. Die belofte van wat ons het en die toekoms van wat ons het, is egter die belangrike deel van die vers.

Wat is die produk, die neute wat die Here vir ons gegee het?

Dit is om vir die Here se liefde en diens geregverdig te wees. Ons deel in die geregtigheid wat God aan sondaars gee. Ons deel in die kosbare geloof dat ons God mag lief hê en dien en dat Hy dit met al ons foute vir Hom reg en heilig laat wees. (1:1)

Dit is die hoop wat ons het vir hierdie produk wat die Here vir ons gegee het, dit is die toekoms, hierdie geregtigheid wat die Here ons gegee het. Dit is die toekoms omdat Hy die versekering gee, net soos die neutverskaffers, dat Hy die hele wêreld sal inrig volgens hierdie gawe wat die Here vir ons gegee het: die gawe van liefde en diens wat Hy vir Hom reg laat wees! Geregtigheid!

Kan u sien hoek dit 'n troos is wanneer die Here vir ons sê dat hierdie toekoms nog verskriklik ver is, aan die een kant, maar die belangrike van wat Hy sê is dat die toekoms is die toekoms van die gawe wat ons van Hom ontvang het.

Niks pas nou by hierdie gawe en ons toewyding, arbeid en diens met hierdie gawe nie. Maar die toekoms gaan die 'n wêreld van God se geregtigheid wees. Dit gaan God se bedryf wees en ons het die gawe ontvang om deel van die toekomstige bedryf van God te wees.

Ons inspanning om in die liefde en diens te leef wat God vir ons as gawe gegee het, is die toekoms van God se skepping!

16. Wanneer raak die inspanning van hierdie tipe lewe te veel?

Wanneer jy nie meer seker is en glo in die toekoms van die gawe wat God jou gegee het nie en waarmee jy besig is om te leef en te werk nie!

Verstaan u nou die spot van hulle wat nie met hierdie gawe van die toekoms besig is nie?

“Sedert ons vaders ontslaap het, bly alles steeds soos dit van die begin van die skepping was.” Ons rig ons lewe om ons hutte en plote in volgens ons begeertes. Daar is niks met 'n toekoms nie!

Inspanning raak nie te veel as daar net aanhoudend probleme en moeite en las is nie. Dit is hoe die boerdery elke dag is. Dit raak te veel wanneer jy nie meer glo in die toekoms van die geregtigheid van God nie.

17. Hoekom voel ons dit raak te veel?

Die produk is waardevol en het 'n toekoms!

Die geregtigheid wat God vir ons gee, is uniek en is die toekoms. Dit is hoe God die wêreld gaan laat wees.

God het die toekoms daarvan verseker!

Hy gaan die hele skepping inrig volgens hierdie produk: geregtigheid! Al kan ons nou niks van hierdie bedryf sien nie. Dit gaan kom!

Wat ons moeg maak is magtige arbeiders!

Mense wat net om hulle huise sit en met niks besig is nie, wat glo hulle het die mag om ons te bespot en te plunder en te roof. Wat ons wil dwing om ons lewens volgens hulle nutteloosheid in te rig. – terwyl hulle wys hoe vry, hoe rustig en hoe sonder spanning leef hulle.

Soos boere wat bedryf los en net met 'n plot gaan besig hou! Niks doen is die lewe wat daar is niks met 'n toekoms nie!

18. Wie seker is van produk en toekoms van bedryf – leef tuis met spanning.

Spanning is ons tuiste want ons is besig met die toekoms!

Kom ons raak tuis in inspanning en ruk self los uit die koma dat daar nie 'n toekoms is vir waarmee ons besig is nie.

God se geregtigheid as gawe is op pad na die nuwe wêreld waar God dit die bedryf van die skepping sal laat wees.

Kom ons beur deur ons verliese, deur die spot en deur die onderdrukking van goddelose wetgewing. Ons gaan nie ons lewe volgens ons begeertes inrig nie. Ons rig ons lewe in volgens die geregtigheid wat God ons gee, want dit is die toekoms!

Kom ons wees tuis in ons inspanning met die gawe waarin ons leef! Dit is God se woning vir ons!